# Die funksie van die toga as liturgiese simbool in die Protestantse tradisie – 'n kwantitatief-empiriese ondersoek[1]

**P J Roets & T F J Dreyer**
**Departement Praktiese Teologie**
**Universiteit van Pretoria**

**Abstract**

**The communication of the robe as liturgical symbol in the Protestant tradition – a quantitative empirical research**

***Liturgical symbols, amongst others the robe, are being put under suspicion by many members and theologians of Protestant churches. Do these liturgical symbols impede the communication of the word of God or does the robe, inter alia, contribute to the communication of the gospel, which is the nucleus of Protestant public worship? By means of a quantitive empirical research within the discipline of Practical Theology, this article aims to establish the theological meaning and function of the robe as a liturgical symbol.***

## 1. INLEIDING

Terwyl die aandrang op "verandering" en "vernuwing" in kerke by lidmate en teoloë al sterker word is daar 'n evaluering en 'n hernude waardering van simbole en spesifiek, liturgiese simbole, by navorsers aan die gang. Baie mense is blykbaar onder die indruk dat vernuwing 'n soort simboolstroping impliseer, maar die belangrikheid van simbole in die kommunikasie van die evangelie sal beklemtonend besef moet word, voordat onskatbare kosbaarhede vir altyd verlore is!

---

[1] Hierdie artikel is 'n verwerking van die empiriese resultate van P J Roets se BD-skripsie onder leiding van prof dr T F J Dreyer. Die skripsie is aanvaar as deel van die vereistes vir die BD-graad (1997), Departement Praktiese Teologie, Universiteit van Pretoria.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

## 2. METODOLOGIESE VERANTWOORDING

In 'n vorige eerste artikel (Roets & Dreyer 1998:712-735) is daar aan die hand van die metodologiese model van Zerfass navorsing gedoen om die beweging tussen teorie en praxis te orden. Die praxis van kommunikatiewe handelinge asook die teorieë grondliggend hieraan is analities-deskriptief ontleed. Die ontwikkeling van kommunikasieteorieë is kortliks aangedui, asook die rol wat simbole in kommunikasie speel. Verder is daar nagevors watter rol spesifieke kleredrag by bepaalde geleenthede in kommunikasie speel. Grondliggende teologiese teorieë is deduktief en histories-deskriptief ondersoek. Liturgiese simbole se oorsprong en betekenis is ook vasgestel. Die sosiale en teologiese herkoms van die toga en ook die rol en betekenis van die toga, as simboliese kommunikasie medium, is ook nagevors.

In hierdie tweede en opvolgartikel sal die praxis en teologiese teorieë in interaksie met mekaar gebring word, deur hulle krities-sinteties saam te voeg. 'n Voorlopige praktyk teorie sal moontlik hieruit na vore kom. Daar sal ook 'n stuk empiriese navorsing met die hulp van ander wetenskappe gedoen word met die doel om hierdie voorlopige teorie aan die praktyk van vandag te meet. Die gevoel van gemeentelede teenoor liturgiese simbole, spesifiek dan die toga, sal deur middel van 'n vraelys getoets word. Die vraelys sal ook poog om vas te stel of hierdie simbole 'n bydrae lewer tot kommunikasie in die erediens, of nie. Ten slotte sal daar 'n teologiese evaluering geskied deur die praktykteorie in die hermeneutiese spanningsveld van die Skrif te plaas. Hieruit sal die verstelde praktyk teorie kom.

## 3. SOEKE NA NUWE PRAKTYKTEORIEË

Die voorafgaande verkenning van teorie en praxis stel die navorser voor die uitdaging om deur middel van hierdie interaksie nuwe "byderwetse" en teologies-verantwoorde praktykteorieë te poneer.

Die proses van kommunikasie is uiters kompleks. Dit handel in kommunikasie nie net oor woorde wat oorgedra word nie. Dit behels veel meer. Nie-verbale faktore het 'n 45% aandeel in die kommunikasiegebeure. Simboolkommunikasie maak 'n groot deel hiervan uit. Simbole is kragtige kommunikasiemiddels wat die multidimensionele mens aanspreek. Die kommunikasiekrag van simbole lê daarin dat hulle na wêrelde verwys



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

wat buite die sigbare werklikheid bestaan. Hulle gee uitsig op die oneindige, die onuitspreeklike en die transendente. Net so is kleding 'n simbool met enorme kommunikasiekrag.

Die erediens is 'n kommunikatiewe gebeurtenis waar God met die mens in ontmoeting tree, waar die Woord van God verkondig word. Die Woord staan sentraal in die erediens en mag nie verdring word nie. Daarom het die Reformatore 'n heftige reaksie teen die pronkagtigheid van die Rooms-Katolieke Kerk geopenbaar. Maar deur te waak teen oordrywing en wanbalans kan daar elemente in die liturgie nuttig gebruik word om die Woord van God meer effektief oor te dra. Dit is hier waar liturgiese simbole 'n baie belangrike rol vervul. Liturgiese simbole in die Protestantse kerke kan daartoe bydra dat "die Woord nog meer sentraal in die erediens staan", nog beter gehoor word.

In reaksie teen die modernisme lê die postmodernisme klem daarop dat die mens 'n multidimensionele wese is, nie net met kognitiewe, maar ook affektiewe behoeftes. Dit is hier waar simbole goud werd is, hulle spreek die kognitiewe sowel as die affektiewe vlak van die mens aan. 'n Groot deel van die postmoderne gemeenskap mag wel postkerklik wees maar beslis nie postreligieus nie. Die postmoderne mens het 'n behoefte daaraan dat sy affektiewe aangespreek sal word. Die kognitiewe gode van die moderne mens het inmekaar getuimel. Die wetenskap, tegnologie en industrialisasie het hulle krag verloor (Bosch 1991:363). Die mens is moeg gejaag en staan in 'n ekologiese krisis, te wyte aan die modernisme. Die moderne mens het gedink sy tegnologie sal hom bevry, maar hy besef nou sy tegnologie het hom siek gemaak. Die postmoderne mens soek nou sy heil op 'n ander plek. Hy besef dat Réne Descartes (1595-1650) se rede, se *cogito ergo sum*, nie oor die antwoorde van al die vrae van hierdie lewe beskik nie (Buitendag 1997:4). Die postmoderne mens soek na bevrediging van sy emosionele dimensie, hy soek nou na 'n ander godheid as die godheid van die modernisme. Hy is op soek na vastigheid en identiteit. In plaas daarvan dat die kerk toekyk hoe hierdie postmoderne mens hom wend tot die tradisionele oosterse godsdienste soos die Taoisme en die Boeddhisme, wat die algemene tendens is, moet die kerk poog om die postmoderne mens te bring na die kerk van Christus. Dit is simbole wat die affektiewe aanspreek, wat ook help om identiteit en standvastigheid te gee, wat hierdie honger van die postmoderne mens kan help stil.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Behalwe dat die mens ook nog estetiese behoeftes het, is die mens van vandag ingestel op die visuele. Die televisie, video en rekenaar het die mens so geleer. Mense wil nie net hoor nie maar wil ook sien. Hulle is verder ook in 'n oorgangstyd waarin hulle 'n ervaring van geweldige verlies en onsekerheid ondervind (Vos & Pieterse 1997:87). Daar word na vashouplekke, geborgenheid en identiteit gesoek. Die lidmate van die Afrikaanse kerke het hulle mees fundamentele kulturele simbole verloor en soek nog meer na geborgenheid en eenselwigheid. Simbole voldoen aan hierdie dringende behoeftes.

Die erediens is 'n ontmoetingsgebeure tussen God en sy verbondskinders. Dit is 'n spesiale gebeurtenis in 'n spesiale plek op 'n spesiale dag. Dit is 'n gebeurtenis uniek ten opsigte van enige ander wêreldgebeurtenis. Hierdie andersheid van die erediens moet ook deur die simbole in die erediens gesimboliseer word. Liturgiese simbole skep 'n atmosfeer van die andersheid van hierdie besondere gebeurtenis. Die ruimte waarin die boodskap oorgedra word, dra by tot die kommunikasiegebeure. Hierdie ruimte met sy spesifieke, unieke atmosfeer maak die gelowige ontvanklik vir die Woord van God. Die gewydheid, heiligheid en sereniteit, wat ervaar word, sê iets van die almagtige God se teenwoordigheid en bring die gelowige in die regte stemming. Daarom moet hierdie ruimte so ingerig wees dat dit iets simboliseer van God se teenwoordigheid.

Gelowiges staan elke dag in die wêreld en word deurentyd gekonfronteer met die profane. Sondae wil hulle vir God ontmoet in 'n spesiale atmosfeer, wat anders lyk, klink en voel as hulle weeklikse byeenkomste van die wêreld. Die mens het 'n behoefte aan die ervaring van die sakrale. Baie kerke is vasgevang in 'n gees van sekularisme (Pannenberg 1994:23). Die wêreld word in die kerk ingedra en van die andersheid van die erediens is daar geen sprake nie. Dit word maar net nog 'n wêreldse byeenkoms, waaraan die mens kan deelneem. Ons moet na Pannenberg se waarskuwing luister! Kerke, wat weifel oor hul geloof en identiteit, sal nie die een-en-twintigste eeu oorleef nie. Simbole dien as herkenningstekens, hulle gee identiteit. Liturgiese simbole wek 'n "behoort aan" by die gelowige. Die gelowige is op soek na gemeenskappe waar identiteit en antwoorde op die leegheid van die moderne wêreld te vinde is. Daarom moet daar met oorleg gedink word wanneer daar aan vernuwing gedink word of hierdie verandering nie maar net gelyk is aan sekularisme nie. Vernuwing en verandering van die erediens kan


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

nie blindweg geskied nie. Mense is moeg vir die wêreld se gejaag. In die erediens soek hulle iets anders. Die erediens kan nie maar net lyk soos die wêreld nie. Die samekoms van gelowiges in die huis van die Here moet iets anders bied as dit wat die wêreld bied. Daar moet absoluut gewaak word teen 'n vervlakking en gestreef word na verdieping in die erediens. Die aanwending van simbole dra by tot verdieping.

Die bogenoemde geld ook vir die prediking, wat Sondae gehoor word. Dit wat die verlore mens wil en moet hoor, is God se Woord. Nie 'n sedelessie of 'n lesing nie, maar die proklamasie van die Woord van God met dié se radikale konsekwensies. Die preekstoel en die kanselkleed en die toga is simbole hiervan. Hierdie is God se Woord wat uit genade vanaf die Hoë God na die mens in sy verlorenheid kom. Daarom bring die preekstoel en die toga nie afstand tussen God en die mens nie, maar simboliseer juis dat God, wat die Onkenbare is, Homself aan mense kom openbaar.

Vrygeworde humaniste van ons tyd wil nie in gesprek staan waar iemand vanuit 'n hoëre posisie met hulle kommunikeer nie. Hulle dink horisontaal en daarom is dit ook mensgesentreerde prediking wat hulle wil hoor. Maar die gelowige weet dat ware prediking die Woord van God is. Daarom gaan dit nie daaroor dat die dominee uit verwaandheid op 'n preekstoel staan en uit astrantheid 'n toga dra nie. Die predikant staan daar en dra die toga as simbool daarvan dat hierdie God se Woord is en nie sy of haar woord, wat maar net mense woord is, nie. Daarom is daar meriete in die opmerking dat die toga as uitdrukking dien van die objektiwiteit van die verkondiging, as simbool van die ondergeskikmaking van die predikant se individualiteit aan sy amp. Hierdie verkondiging is die Woord van God. Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie argument uit die vorige eeu dateer en dat daar toe nog groot onderskeid tussen objek en subjek getref is. Die relasionele waarheidsbegrip vir die verstaan van die werklikheid was daar toe nog nie relevant nie. (Hofland 1979:11). Maar tog is daar iets van die waarheid teenwoordig in hierdie argument. Die predikant is ondergeskik aan die Woord, wat hy of sy bring en die toga is simbool daarvan.

Daar is die wat meen dat die toga 'n beeld van wêreldvreemdheid uitstraal en sodoende kommunikasie belemmer, omdat dit by die hoorder mag voorkom of hierdie boodskap nie met die gewone dinge van die lewe te make het nie. Inderdaad so, hierdie kleed simboliseer iets van 'n wêreldvreemdheid, maar nie in die sin dat die boodskap niks


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

met die mens en die gewone dinge van hierdie wêreld te doen het nie. Dit simboliseer iets van die teenwoordigheid van God en dat die persoon, wat die toga dra, sy gestuurde is. Dit simboliseer iets van 'n boodskap vreemd aan hierdie wêreld. Hierdie is nie 'n geselsie oor aktuele onderwerpe nie. Hier word God aan die sondaarmens geopenbaar, wat natuurlik die mees aktuele tema op aarde is. Hier word 'n boodskap verkondig vreemd aan die reëls van die wêreld. God kom soek toenadering, alleen uit genade, tot mense wat God lankal reeds verwerp het. Hierdie boodskap wat gekommunikeer word, kom van buite hierdie wêreld met die doel om hierdie wêreld te verander. Dié simboliek kan ons nie bekostig om te verloor nie. Daar word nie afstand geskep tussen die dominee op die preekstoel met sy of haar toga en die gemeentelede in die kerkbanke nie. Die afstand bestaan tussen God en die gemeentelede, want God is die Allerheilige God en hulle is sondaarmense. Maar God is ook die Immanente wat onder ons kom woon het. Hierin lê daar 'n stuk dialektiek en nie 'n dualisme nie.

Karl Barth (1886-1968) se Skrifbeskouing kan hier vir die bogenoemde stuk dialektiek verduidelikend gebruik word. Barth gaan in sy Skrifbeskouing uit van die analogie tussen die Christus-gebeure en die Skrif. Vanuit die inkarnasie van Christus, Christus is gelyk God en mens, is die Skrif te verstaan as 'n eenheid van Godswoord en mense woord. In sy koms na die wêreld, in Christus, hou God nie op om God te wees nie – Hy is God en mens tegelyk. Net so is die Bybel tegelyk God se Woord en mense woord (Pieterse 1979:23). God is die Transendente maar Hy is ook die Immanente. Die Allerheiligste kom en ontmoet die mens hier in sy/haar wêreld. Hierdie dialektiek bestaan ook by die prediker, geklee in sy toga. Die toga van die Rooms-Katolieke Kerk is gedra om hiërargiese onderskeid tussen die *clerus* en die leke te tref. Die *clerus* het absolute mag gehad, dit was net hulle wat die Skrif kon uitlê en verklaar. Daar was 'n reuse afstand tussen die *clerus* en die leke. Die verteenwoordiger van God was ver van die mens af. Die objektiewe het swaar klem gedra.

Hoewel die toga se oorsprong in Roomse modes gesoek moet word is die toga beslis nie 'n Roomse oorblyfsel wat as teken dien dat die kerke wat die toga gebruik nog nie daarin slaag om die verskil tussen ampte en leke te oorbrug nie. Die toga is geen ampsdrag nie en dit is nie die doel wat die toga vervul nie. Wat hier eerder raakgesien moet word is die feit dat die deftigste drag van die tyd in die kerk gedra is. Met verloop



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

van tyd het die kleremodes in die wêreld verander, dan het die kerk die vorige deftige mode behou en het dit liturgiese drag geword, wat deur almal geassosieer is met die kerk. Dus kan ons vandag hieruit iets leer. Die ampsdraers en die kerkgangers van die Middeleeue het hulle deftige drag na die kerk toe aangetrek as teken van agting en ontsag. Predikante dra nie 'n toga om met hulle geleerdheid te spog nie. Die oorspronklike rede waarom Luther in 1524 sy doktorstoga aangetrek het, was om te wys dat hy oor die nodige akademiese bevoegdheid beskik om die Woord uit te lê en te verkondig. Hy wou beslis nie met sy toga vertoon maak nie. Luther het juis geweet dat hy alleen uit genade die prediker van die Woord van God is en dat dit om die eer van God gaan en nie om sy eer nie. Vir die gemeente in die kerkbank kommunikeer die toga nie maar net iets van die geleerdheid van die predikant nie. Hierdie toga het simbool geword van die teenwoordigheid van God, van respek, gewydheid en heiligheid. Ook is dit simbool daarvan dat die persoon wat met die toga geklee is, die boodskapper van God is.

Op grond van die wisselwerking tussen die teorie en praxis, soos beredeneer hierbo, kan die volgende aspekte as basis vir 'n praktykteorie gekonkludeer word:

- Egte Bybels-gefundeerde erediensvernuwing gaan nie primêr van die mens uit nie maar van God.
- Die erediens is 'n ontmoeting met die Gans-Andere.
- Die "andersheid" van die erediens word veral deur simbole gesimboliseer.
- Liturgiese simbole skep 'n gewyde atmosfeer en 'n ontvanklikheid by die gelowige.
- Simbole verskaf identiteit, wat die aanslag van sekularisme beveg.
- Simbole spreek die multidimensionele mens aan, deurdat hulle op die kognitiewe sowel as die affektiewe vlak van die mens kommunikeer.
- Die postmoderne mens is in 'n oorgangsfase en is op soek na identiteit en geborgenheid en het 'n honger daarna dat sy affektiewe aangespreek sal word.
- Simbole spreek die estetiese en die visuele behoeftes van die mens aan.
- Die kommunikasiekrag van simbole lê daarin opgesluit dat hulle na wêrelde verwys wat buite die sigbare werklikheid bestaan. Hulle gee uitsig op die oneindige, die onuit-spreeklike en die transendente.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

- Simbole reageer op die behoefte van die indiwidu en die gemeente aan iets dieppers, wat aan die anderkant van hierdie werklikheid bestaan.
- Die vervlakking van eredienste word beveg deur die gebruik van simbole.
- Die toga is simbool van die akademiese bevoegdheid van die leraar om die Woord uit te lê en te verkondig.
- Die toga is simbool van die objektiwiteit van die prediking en ook simbool van die dialektiek, wat daar in prediking bestaan.
- Die toga is simbool van die teenwoordigheid van God in die erediens.
- Die toga dien as simbool daarvan dat die persoon wat in die erediens die kleed dra, die verteenwoordiger van God is.
- Die toga, en spesifiek die swart toga, is deel van ons Reformatoriese erfenis.
- Die erediens is 'n kommunikatiewe gebeurtenis waar die Woord sentraal moet staan en in die lig daarvan dat liturgiese simbole oor ontsaglike kommunikasiekrag beskik dra dit daar toe by dat die prediking van die Woord meer effektief geskied.

'n Voorlopige praktykteorie kan soos volg saamgevat word: God is die Gans Andere. Die erediens, wat 'n ontmoeting met God is, behoort dit te simboliseer. Dit dra daartoe by dat 'n atmosfeer van gewydheid en heiligheid geskep word, wat die kerkganger ontvanklik maak vir die Woord. Simbole het antwoorde op baie vra en behoeftes van vandag. Liturgiese simbole, en spesifiek die toga, het ontskatbare waarde in hulle funksionering as kommunikasiemediums.

## 4. EMPIRIESE TOETSING

Die geldigheid van hierdie voorlopige praktykteorie is aan empiriese toetsing onderwerp om dit sodoende weer aan die praxis te oriënteer. Die empiriese navorsing van hierdie studie is gedoen in samewerking met die Departement Statistiek van die Universiteit van Pretoria. Die navorsing is in gemeentes van die Nederduitsch Hervormde Kerk en in die Nederduitse Gereformeerde Kerk gedoen. Stedelike gemeentes sowel as plattelandse gemeentes is betrek in die navorsing. Persone vanaf die ouderdom tien jaar en ouer het as respondente gedien.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

'n Verteenwoordigende steekproef is gedoen deurdat die vraelyste uitgedeel is aan al die gemeentelede teenwoordig by die erediens op die spesifieke Sondag, wat die proef gedoen is. Daar is nie selektief te werk gegaan met die uitdeel van hierdie vraelyste nie (Vergelyk addendum vir vraelys). Daar is gebruik gemaak van die chi-kwadraat onafhanklikheidstoets op 1% peil van betekenis. Wat dit beteken is dat daar slegs 'n 1% kans is dat die resultaat van die verwerkte data afhanklikheid tussen twee faktore toon, terwyl daar eintlik 'n onafhanklikheid tussen die twee faktore bestaan. Meer spesifiek is die (2 x 2)-onafhanklikheidstoets (Steyn et al 1994:553) en die (I x J)-onafhanklikheids-toets (Steyn et al 1994:559) gebruik. Gewone rou frekwensie tabelle is ook saamgestel.

Die doel van die empiriese navorsing was om vas te stel watter gevoel daar by gemeentelede oor sekere simbole, veral die toga, bestaan en ook of hierdie simbole bydra tot kommunikasie in die erediens al dan nie. Daar is toetse gedoen om die verband tussen sekere faktore te bepaal. Gereeld word gehoor dat gemeentelede moeg is vir simbole in ons kerke, ongeag die wetenskaplike en teologiese teorieë agter simbole. Daarom was dit die doel van hierdie navorsingsprojek om die in die kerkbank se opinie in hierdie verband te toets.

## 4.1 Frekwensie tabelle

Die totale aantal respondente, wat aan hierdie navorsingsprojek deelgeneem het was 533. Die verdeling tussen die aantal respondente van die Nederduitsch Hervormde Kerk en die Nederduitse Gereformeerde Kerk was soos volg:

| | |
|---|---|
| Nederduitsch Hervormde Kerk | 57.5% |
| Nederduitse Gereformeerde Kerk | 42.5% |

Die verdeling tussen die aantal respondente in die stedelike gebiede en die plattelandse gebiede was soos volg:

| | |
|---|---|
| Stedeling gebied | 67.9% |
| Plattelandse gebied | 32.1% |



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Die reaksies van lidmate op 'n aantal liturgiese simbole was soos volg:

1. "Verkies u dat u dominee 'n toga dra?"

| | |
|---|---|
| Ja | 78.2% |
| Nee | 21.8% |

2. "Waar verkies u om kerk te hou?"

| | |
|---|---|
| Saal | 0% |
| Maak nie saak | 24.6% |
| Kerkgebou | 75.4% |

3. "Waar wil u hê moet die dominee tydens die erediens staan?"

| | |
|---|---|
| Tussen die gemeentelede | 1.5% |
| Maak nie saak | 13.7% |
| Op die preekstoel | 84.8% |

4. "Hoe wil u hê moet die gemeente geklee wees tydens die erediens?"

| | |
|---|---|
| Formeel | 50.8% |
| Netjies informeel | 48.3% |
| Informeel | 0.9% |

5. "Is die kanselkleed van u kerk vir u ...?"

| | |
|---|---|
| Baie belangrik | 38.2% |
| Belangrik | 47.1% |
| Onbelangrik | 14.7% |

6. "Watter instrument/e wil u hê moet tydens die erediens vir begeleiding gebruik word?"

| | **Ja** | **Soms** | **Nee** |
|---|---|---|---|
| Kitaar | 19.2% | 43.3% | 37.5% |
| Orrel | 88.7% | 8.3% | 3% |
| Trom | 10.6% | 25% | 64.4% |
| Klawerbord | 27.7% | 38.4% | 33.9% |
| Trompet | 16.6% | 42% | 41.4% |



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Daar is ook gepoog om lidmate se verwagting in verband met erediensbelewing te toets. Daar is soos volg hierop gereageer:

1. "Dink u 'n erediens moet 'n ander karakter as enige ander wêreldbyeenkoms hê?"

| | |
|---|---|
| Ja | 71.8% |
| Nee | 28.2% |

2. "Wat wil u tydens 'n erediens beleef?"

| | Ja | Nee |
|---|---|---|
| Uitbundigheid | 12.8% | 87.2% |
| Bonatuurlike atmosfeer | 23% | 77% |
| Joligheid | 16.3% | 83.7% |
| Stilte | 81.4% | 18.6% |
| Vrolikheid | 65.7% | 34.3% |
| Heiligheid | 97% | 3% |
| Iets anders as wat u elke dag buite die erediens ervaar | 68.7% | 31.3% |
| God se teenwoordigheid | 99.4% | 0.6% |
| Gewydheid | 97.7% | 2.3% |
| Rustigheid | 93.6% | 6.4% |

Daar is gepoog om die toga as simbool in meer diepte te toets en ook wat die gemeente se opinie is in verband met die vraag of die toga kommunikasie in die erediens bevorder of belemmer.

1. "Watter gevoel of assosiasie wek die toga by u?"

| | Ja | Nee |
|---|---|---|
| Geleerdheid van die dominee | 49.4% | 50.6% |
| Misterie | 21.3% | 78.7% |
| Aanstoot | 7.7% | 92.3% |
| Iets van die bonatuurlike | 18.1% | 81.9% |
| Outyds | 17.7% | 82.3% |
| Boodskapper van God | 89.1% | 10.9% |
| Respek | 90.8% | 9.2% |
| Heiligheid | 70.7% | 29.3% |
| Uitgedien | 15.1% | 84.9% |
| Iets bowêrelds | 16.2% | 83.8% |
| Teenwoordigheid van God | 72.9% | 27.1% |
| Gewydheid | 84.2% | 15.8% |
| Verwaandheid | 7.0% | 93.0% |


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

2. "Wat sê u? Ondersteun of belemmer die toga kommunikasie tydens die erediens?"

| | |
|---|---|
| Ondersteun | 54.5% |
| Maak nie saak | 42.3% |
| Belemmer | 3.2% |

Die vraelys het ook 'n vraag ingesluit met die doel om gemeentelede se Godsbeeld te peil. "Wie is God vir jou?"

| | |
|---|---|
| Liewe Jesus | 5.3% |
| Jou Vader | 22.6% |
| Jou Vriend | 11.1% |
| Die Almagtige | 61% |

Daar is ook 'n vraag ingesluit om die gevoel van gemeentelede oor kerklike tradisie in die algemeen te toets. "Is kerklike tradisie vir u belangrik?"

| | |
|---|---|
| Ja | 88.2% |
| Nee | 11.8% |

### 4.2 Onafhanklikheidstoetse

Die vermoede, wat by sommiges bestaan, dat die toga net by ouer mense gewild is en dat die jonger garde afsydig teenoor hierdie kleed van die dominee staan is getoets. Baie interessante resultate is opgelewer:

| Ouderdomsgroep | 10-12jr | 13-20jr | 21-30jr | 31-45jr | 46-60jr | 61- |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Ja vir die toga | 73.24% | 73.63% | 75.00% | 78.17% | 82.19% | 87.23% |
| Nee vir die toga | 26.76% | 26.37% | 25.00% | 21.83% | 17.09% | 12.77% |

Hierdie spesifieke toets het 'n resultaat opgelewer met 'n grafiek, wat 'n lynregte styging en daling vertoon. 73.24% van die ouderdomsgroep tussen 10 en 12 jaar het geantwoord dat hulle verkies dat die dominee 'n toga dra. Soos wat die ouderdom styg so styg die ja antwoord ook totdat dit eindig by die ouderdomsgroep 61 en ouer waarvan 87.23% verkies dat die dominee 'n toga dra. Die toga is dus by ouer mense gewilder, maar glad nie ongewild by jonger mense nie.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Die onafhanklikheidstoetse is ook ingespan om die verband tussen die stedelike gemeentes en die plattelandse gemeentes te toets ten opsigte van hul opinie of die predikant 'n toga moet dra of nie. Verrassende resultate is opgelewer:

| **Gemeente se ligging** | **Stedelik** | **Platteland** |
|---|---|---|
| Ja vir toga | 79.78% | 74.85% |
| Nee vir toga | 20.22% | 25.15% |

Teen alle verwagtings het dit in hierdie toets uitgekom dat daar in die stedelike gebiede 'n groter hoeveelheid persone is wat ten gunste is van die toga as in die plattelandse gemeentes. Tog is hierdie verskil tussen die stedelike en plattelandse gemeentes, volgens statistiese vereistes te klein om betekenisvol te wees en kan daar nie, op grond van die resultate van hierdie studie, die uitspraak gemaak word dat daar 'n betekenisvolle verskil bestaan tussen stedelike en plattelandse gemeentes in die verband nie.

Daar is ook 'n vergelyking getref tussen die Nederduitsch Hervormde Kerk en die Nederduitse Gereformeerde Kerk se opinie of die predikant 'n toga moet dra of nie

| **Kerk** | Nederduitsch Hervormd | Nederduitse Gereformeerd |
|---|---|---|
| **Ja vir toga** | 82.03% | 73.01% |
| **Nee vir toga** | 17.97% | 26.99% |

Die Nederduitsch Hervormde Kerk voel sterker oor die dra van die toga as die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

### 4.3 Samevattende konklusies

Die data, soos statisties weergegee, dui daarop dat met redelike sekerheid die volgende aspekte as belangrike vereistes vir 'n verantwoorde kerklike praxis verdiskonteer moet word:

- Gemeentelede heg vandag steeds groot waarde aan liturgiese simbole.
- 'n Rustige, gewyde atmosfeer van heiligheid, in stilte, waar die gelowige God se teenwoordigheid kan ervaar word verkies.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

- Die lidmaat hunker daarna om 'n unieke ervaring in die erediens te hê.
- Die oorgrote meerderheid van lidmate verkies dit dat 'n dominee 'n toga dra.
- Die toga is vir lidmate veral simbool van respek, heiligheid, gewydheid, teenwoordigheid van God en simbool daarvan dat die draer van die toga die boodskapper van God is.
- Die toga is vir ongeveer die helfte van die lidmate nog simbool van die geleerdheid van die predikant.
- Die toga gee vir 7.7% van die lidmate aanstoot en vir 7.0% is die toga simbool van verwaandheid, maar 84.9% van lidmate voel dat die toga nie uitgedien is nie.
- Die oorgrote aantal lidmate beskryf God as die Almagtige en die Vader teenoor die minderheid wat God sien as hul Vriend en Liewe Jesus.
- Die meerderheid lidmate voel nog sterk oor kerklike tradisie.

Die empiriese navorsing het getoon dat gemeentelede nog groot waarde aan simbole heg. Die gemeentelede verkies 'n gewyde atmosfeer in die erediens, waar hulle God, die Almagtige kan ontmoet. Die resultate, verkry uit die empiriese navorsing, is dus 'n bevestiging van die voorlopige praktykteorie, soos onder paragraaf 5 geformuleer. Liturgiese simbole kommunikeer, hulle sê vir die gemeentelede iets aangaande die teenwoordigheid van God, wat woorde nie kan sê nie. Die teenwoordigheid van God word prominent deur die toga as simbool gekommunikeer. Gemeentelede het 'n behoefte aan liturgiese simbole wat vir hulle heenwys na God.

## Literatuurverwysings

Barnard, A C 1994. *In die kragveld van die Woord en die Gees*. Pretoria.

*Beeld* 14 Maart 1995. Kerke sal verdwyn: Indien geestelike leegheid toeneem, bl 8.

Bosch, D J 1991. *Transforming mission: Paradigm shifts in theology of mission.* New York: Orbis Books.

Buitendag, J 1997. Werklikheidsverstaan: Op weg na 'n theologiae naturae. Ongepubliseerde klasaantekeninge, Departement Dogmatiek en Christelike Etiek, Universiteit van Pretoria.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Hofland, A C et al 1979. *God met ons: Over de aard van het Schriftgezag.* Delft: Kerk Informatie.

*Konteks* Mei 1995. Ons Hervormde etos?, bl 48.

Pannenberg, W 1994. Christianity and the West: Ambiguous past, uncertain future. *First Things* 48, 18-23.

Pieterse, H J C 1979. *Skrifverstaan en prediking.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Roets, P J & Dreyer, T F J 1998. Die kommunikasiekrag van liturgiese simbole met spesifieke verwysing na die toga. *HTS* 54(3&4), 712-735.

Steyn, A G W et al 1994. *Moderne statistiek vir die praktyk.* Pretoria: Van Schaik.

Van Aarde, A G 1995. Kerk en teologie op pad na die derde millennium: 'n Paradigmatiese verskuiwing van middelmatige aard. *HTS* 51, 13-37.

Vos, C J A & Pieterse, H J C 1997. *Hoe lieflik is u woning.* Pretoria: RGN.

## Addendum

### 1. Verduidelikende Opmerkings

Die data wat verkry is vanuit hierdie empiriese navorsingsprojek is nie volledig in hierdie studiestuk aangewend nie as gevolg van 'n bladsybeperking. Die rede waarom hierdie navorsing juis in die Nederduitsch Hervormde Kerk en die Nederduits Gereformeerde Kerk gedoen is, handel daaroor dat die toga in hierdie kerke gedra word. In die Nederduitsch Hervormde Kerk staan die predikante onder die verpligting om die toga te dra en vanuit hierdie kerk kom stemme wat die toga wil afskaf. In die Nederduitse Gereformeerde Kerk is die dra van die toga opsioneel. In sommige Nederduitse Gereformeerde Kerke is die toga jare laas gedra, maar word daar nou stemme gehoor dat die toga terug gebring moet word. Die empiriese toetsing vir hierdie navorsingsstuk is net in Nederduitse Gereformeerde Kerke gedoen waar die toga nog soms gedra word, omdat 'n simbool slegs as 'n simbool funksioneer as dit bekend is.

Die rede waarom 67.9% van die aantal van die respondente in stedelike gebiede woonagtig is en slegs 32.1% op die platteland is dat die stedelike gemeentes waarby die toets gedoen is 'n groter lidmaattal met die dag waarop die toets gedoen is teenwoordig gehad het. Nog iets wat genoem moet word, is dat, die vraelys effens moeilik voorgekom het vir jonger lidmate. Hierdie groepe lidmate is in hul kategese lokale bygestaan met die invul van hierdie vraelyste. Die res van die gemeente het die vraelyste in die kerk na afloop van die erediens ingevul.

### 2. VRAELYS

Sien volgende bladsy vir volledige vraelys.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

SLEGS VIR KAN-TOOR-GEBRUIK

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
TEOLOGIE AFDELING A
GEMEENTE VRAELYS

Slegs vir kantoorgebruik:

a. Respondent nommer V1 1-4
b. Kaartnommer V2 1 5-6
c. Herhalingsnommer V3 7

**MERK TOEPASLIKE ANTWOORDE MET X**

1. In watter ouderdomsgroep val u? V4 8

| | |
|---|---|
| 10-12 | 1 |
| 13-20 | 2 |
| 21-30 | 3 |
| 31-45 | 4 |
| 40-60 | 5 |
| 61-75 | 6 |
| 75- | 7 |

2. Wat wil u tydens 'n erediens beleef? Antwoord telkens Ja of Nee.

| | JA | NEE | | |
|---|---|---|---|---|
| Uitbundigheid | 1 | 2 | V5 | 9 |
| Bonatuurlike Atmosfeer | 1 | 2 | V6 | 10 |
| Joligheid | 1 | 2 | V7 | 11 |
| Stilte | 1 | 2 | V8 | 12 |
| Vrolikheid | 1 | 2 | V9 | 13 |
| Heiligheid | 1 | 2 | V10 | 14 |
| Iets anders as wat u elke dag buite die erediens ervaar. | 1 | 2 | V11 | 15 |
| God se teenwoordigheid | 1 | 2 | V12 | 16 |
| Gewydheid | 1 | 2 | V13 | 17 |
| Rustigheid | 1 | 2 | V14 | 18 |

3. Dink u 'n erediens moet 'n ander karakter as enige ander wêreldbyeenkoms hê? V15 19

| | |
|---|---|
| JA 1 | NEE 2 |

4. Wie is God vir jou? Kies slegs EEN opsie.

SLEGS VIR KAN-TOOR-GEBRUIK

6. Watter gevoel of assosiasie wek die toga by u? Antwoord telkens Ja of Nee

| | JA | NEE | | |
|---|---|---|---|---|
| Geleerdheid van die dominee | 1 | 2 | V18 | 22 |
| Misterie | 1 | 2 | V19 | 23 |
| Aanstoot | 1 | 2 | V20 | 24 |
| Iets van die Bonatuurlike | 1 | 2 | V21 | 25 |
| Oudtyds | 1 | 2 | V22 | 26 |
| Boodskapper van God | 1 | 2 | V23 | 27 |
| Respek | 1 | 2 | V24 | 28 |
| Heiligheid | 1 | 2 | V25 | 29 |
| Uitgedien | 1 | 2 | V26 | 30 |
| Iets bowêrelds | 1 | 2 | V27 | 31 |
| Teenwoordigheid van God | 1 | 2 | V28 | 32 |
| Gewydheid | 1 | 2 | V29 | 33 |
| Verwaandheid | 1 | 2 | V30 | 34 |

7. Wat sê u? Ondersteun of belemmer die toga kommunikasie tydens die erediens? Kies EEN opsie. V31 35

| | |
|---|---|
| Ondersteun | 1 |
| Maak nie saak | 2 |
| Belemmer | 3 |

8. Waar verkies u om kerk te hou? In 'n gewone saal of in 'n kerkgebou soos wat u ken? Kies EEN opsie. V32 36

| | |
|---|---|
| Saal | 1 |
| Maak nie saak | 2 |
| Kerkgebou | 3 |

9. Waar wil u hê moet die dominee tydens die erediens staan? Kies EEN opsie. V33 37

| | |
|---|---|
| Tussen die gemeente | 1 |
| Maak nie saak | 2 |
| Op die preekstoel | 3 |



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

| | |
|---|---|
| Liewe Jesus | 1 |
| Jou Vader | 2 |
| Jou Vriend | 3 |
| Die Almagtige | 4 |

V16 20

5. Verkies u dit dat 'n dominee 'n toga dra?

| | |
|---|---|
| JA 1 | NEE 2 |

V17 21

10. Hoe wil u hê moet die gemeentelede geklee wees tydens die erediens? Kies slegs EEN opsie.

| | |
|---|---|
| Formeel (mans pak klere met das) (vrouens deftige rok) | 1 |
| Netjies informeel (mans: langbroek met hemp sonder das) (vrouens: langbroek) | 2 |
| Informeel (denim, plakkies, pet kortbroek, tekkies) | 3 |

V34 38

SLEGS VIR KANTOORGEBRUIK

11. Is die kansellap van u kerk vir u .... Kies slegs EEN opsie.

| | |
|---|---|
| Baie belangrik | 1 |
| Belangrik | 2 |
| Onbelangrik | 3 |

V35 39

12. Watter instrument/e wil u hê moet tydens die erediens vir begeleiding gebruik word? Merk telkens Ja of Nee of Soms

| | JA | SOMS | NEE | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Kitaar | 1 | 2 | 3 | V36 | 40 |
| Orrel | 1 | 2 | 3 | V37 | 41 |
| Drom | 1 | 2 | 3 | V38 | 42 |
| Klawerbord | 1 | 2 | 3 | V39 | 43 |
| Trompet | 1 | 2 | 3 | V40 | 44 |

13. Is kerklike tradisie vir u belangrik

| | |
|---|---|
| JA 1 | NEE 2 |

V41 45

14. Aan watter kerk behoort u tans? Merk toepaslike antwoord.

| | |
|---|---|
| Ned. Hervormde 1 | Ned. Gereformeerd 2 |

V42 46

15. Is u kerk in 'n stedelike of plattelandse omgewing geleë? Merk antwoord.

| | |
|---|---|
| Stedelik 1 | Platteland 2 |

V43 47



Digitised by the University of Pretoria, Library Services